Lêernommer: 20190213-1589
Verwysing: 3/3/2/3
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0005/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Permanente aanstelling van pas gekwalifiseerde opvoeders ingevolge artikel 6(a) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998.*

Onderwerp: Permanente aanstelling van pas gekwalifiseerde opvoeders ingevolge artikel 6(a) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998

1. Hierdie omsendbrief is hersien en herroep Omsendbrief 0054/2015 in sy geheel.

2. Artikel 6(a) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), maak voorsiening vir die aanstelling van pas gekwalifiseerde opvoeders in 'n permanente hoedanigheid sonder die advertering van die substantiewe pos in 'n vakaturelys.

3. 'n Pas gekwalifiseerde opvoeder is 'n finalejaarstudent of 'n gekwalifiseerde opvoeder wat in die afgelope drie jaar gekwalifiseer het en nog nooit die geleentheid gehad het om 'n opvoederpos op 'n permanente basis in die staatsdiens te beklee nie.

4. Die aanstelling in 'n permanente pos, soos hierbo beoog, geskied na goeddunke van die Hoof van Onderwys.

5. Aansoeke vir die aanstelling van 'n pas gekwalifiseerde opvoeder in 'n permanente hoedanigheid sal slegs oorweeg word indien dit vergesel word van bevestiging deur die beheerliggaam en prinsipaal dat 'n botallige opvoeder nie verkry of gewerf kon word nie.

6. Pas gekwalifiseerde opvoeders mag (dadelik), dienooreenkomstig Kollektiewe Ooreenkoms Nr. 4 van 2018, binne drie maande na die kontrakaanstelling in 'n permanente hoedanigheid aangestel word sonder die advertering van die pos, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

6.1 Die permanente aanstelling moet gemaak word in 'n vakante substantiewe posvlak 1-pos en die pos moet op die nuwe diensstaat van die inrigting vir die volgende jaar verskyn.

6.2 Die pas gekwalifiseerde opvoeder moet:

a) professioneel gekwalifiseerd wees vir die onderwysprofessie;
b) gepas gekwalifiseerd wees om die vak en die fase te onderrig waarin die aanstelling gemaak sal word;
c) voldoen aan die inherente vereistes van die pos waarin die aanstelling gemaak sal word; en
d) by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO) geregistreer wees.

7. Indien die beheerliggaam nie die permanente aanstelling van die pas gekwalifiseerde opvoeder ondersteun nie, moet die beheerliggaam 'n geskrewe en geldige motivering indien waarom die permanente aanstelling nie ondersteun word nie.

8. Beheerliggame en prinsipale kan 'n lys van Funza Lushaka-beurshouers en ander pas gekwalifiseerd opvoeders aanvra by die Direktoraat: Werwing en Keuring om geskikte kandidate vir aanstelling te werf en te keur. Navrae kan gestuur word aan recruitment.institution@westerncape.gov.za.

9. Benoemings vir aanstelling/nie-aanstelling in 'n permanente hoedanigheid moet aan die volgende adres gestuur word:
Direktoraat: Werwing en Keuring
Wes-Kaap Onderwysdepartement
Privaatsak X9183
Kaapstad
8000

10. Hierdie omsendbrief is van toepassing op alle openbare skole.

11. Prinsipale word versoek om seker te maak dat hierdie omsendbrief onder die aandag van hul beheerliggame en opvoeders gebring word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-01-05

PERMANENT APPOINTMENT OF FINAL YEAR STUDENTS AS POST LEVEL 1 EDUCATORS AT EDUCATION INSTITUTIONS IN ACCORDANCE WITH SECTION 6A OF THE EMPLOYMENT OF EDUCATORS ACT, 76 OF 1998

Approval has been granted by the Head of Education to proceed with the permanent appointment of Final Year Students as Post Level 1 Educators in accordance with Section 6A of the Employment of Educators Act, 76 of 1998 into vacant/substantive posts at education institutions. The approval for permanent appointment is however not automatic as specific criteria need to be complied with before final approval is granted by the Delegated Authority for such permanent appointment.

Mr/Mrs/Miss ……., Final Year Student at

……(Name of Tertiary Institution) is currently completing

his/her qualification in …… (Name of qualification,

subject specialisation)

I, ……(Principal) hereby

confirm that:

Educator	
1. The vacant/substantive post is on the staff establishment as per the approved basket of posts in the year of application	Yes/No
2. The Educator is suitably and professional qualified	Yes/No
Post	
3. No Excess exist at the school	Yes/No
4. Was the Excess List consulted for the Matching and Placing of Excess employees into the post Provide detail on the effort made to match and place and excess educator: …… ……	Yes/No

Please note that the conversion will only be approved if the vacant/substantive post is on the institutions staff establishment.

I, ……(name of Principal), on the basis of the above recommend/do not recommend the permanent appointment of the incumbent in the substantive post of (Post Description) …… on the approved establishment of the …… (name of Institution).

In the event that you do not support the permanent appointment of the PL1 Educator, the school must submit the reason/s in a letter addressed to Director: Recruitment and Selection and attach such to the completed verification certificate.

SIGNATURE OF PRINCIPAL: **DATE: ……..……...**

SIGNATURE OF CHAIRPERSON OF THE SGB: **DATE: ……..……...**

SIGNATURE OF CM/DISTRICT DIRECTOR: **DATE: ……..……...**